22 Augustus 2021

FAMILIE TUISBLAD

Efesiërs 6:10-20

Die Olimpiese Spele was darem ‘n wonderlike skouspel van sportmanskap en talent – het julle dit gevolg? Dalk het julle gesien hoe Tatjana Schoenmaker die wêreldrekord breek en goud wen in die 200m borsslag swem. Of hoe Akani Simbine naelskraap met 0.04 sekondes in 4de plek geëindig het in die 100m naelloop vir mans met die ongelooflike spoed van 9.93 sekondes. Net soos superhelde superkragte het, het sportmanne en -vroue hulle sporttoerusting en klere wat hulle help om hulle beste te gee. Bianca Buitendag van Suid-Afrika sou nooit haar silwer medalje in branderplankry kon wen as sy nie ‘n betroubare branderplank gehad het nie en die SA skaatsplankryer, Dallas Oberholzer, sou nooit sonder sy tekkies, valhelm en skaatsplank die Spele kon aandurf nie.

Daar is sekere dinge wat Christene ook beskerm en help, en dié noodsaaklike dinge vergelyk Paulus met die wapenrusting van ‘n soldaat.

Lees: Efesiërs 6:10-20 Die Christen se wapenrusting

Gesels:

- Wat is die 7 dinge wat Paulus in verse 14-17 lys wat ‘n Christen benodig? (Waarheid, ...)
- Dink aan ‘n praktiese situasie waar jy elkeen van dié dinge sou benodig.
- Wat dink jy gebeur met iemand wat gedurig bid?
- Vertel van ‘n keer toe jy benoud gevoel het ‘n situasie en God jou gehelp het of die uitkoms gegee het, of jou perspektief verander het.

Bid: Maak ‘n lys van mense waarvoor julle wil bid en verdeel dié mense in die 7 dae van die week, sodat julle elke dag vir ander bid.

Doen: Moderne wapenrusting - vind prente van die SA sportmanne en -vroue met hulle sportklere en toerusting wat aan die Olimpiese Spele deelgeneem het. Druk die prente uit of teken hulle oor en probeer om telkens een van die wapenrusting items van Efesiërs 6 aan elkeen te koppel.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor Efesiërs 6:10-20 en **die Christen se wapenrusting** deur die DinkJeug Familie App af te laai en te gebruik.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za